## 1. Algemene opmerkings

- Die vraestel was op die oog af redelik, maar dieper beskou was dit op ‘n baie hoë standaard wat eintlik geskik sou gewees het vir die destydse hoërgraadkandidate.
- Daar was baie hoë-ordevrae, wat die swakker kandidate benadeel het.
- Baie van die vrae was ook meer geskik vir kandidate wat Landboubestuurspraktyke as ‘n vak neem.
- Vrae oor gedeeltes van die werk wat nie in die Eksamenriglyne aangedui word nie, is swak beantwoord.
- Die vraag oor Basiese Genetika is oor die algemeen swak beantwoord.

## 2. Tyd toegeken aan die vraestel

- Die 2½ uur wat toegelaat is, was genoeg vir kandidate om al die vrae te beantwoord.
- Die tyd toegeken vir die nasien van die vraestel was nie voldoende nie. Die nasieners moes onder druk werk en dit kan aanleiding gee tot foute.

## 3. Taalgebruik in die vraestel

- Tweedetaalkandidate het dit moeilik gevind om hulself uit te druk in hulle antwoorde.
- Kandidate kon nie die terminologie verstaan wat in die vraestelle voorkom nie.
- Sommige vrae was verwarrend. Kandidate was nie seker wat van hulle verwag is ni, bv. 1.1.7.

## 4. Beantwoording van vrae

Kandidate het dit nog steeds moeilik gevind om gevallestudies en data te interpreteer, berekeninge te doen, grafieke te interpreteer en te trek en om afleidings te maak. Kandidate moet geleer word om hierdie soort vrae te hanteer.

## 5. Memorandum

Die memorandum was te lank en daar was te veel moontlike antwoorde. Dit het die nasienproses effe vertraag.